

HEBREW PEOPLE BIED AAN



HEBREEUS
IS
LEKKER
MAKLIK!

Werkboekie vir
die Kursus

deur
Tiaan Nel

וּלְשׁוֹן

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:

tiaan@hebrewpeople.com

+27 82 097 0408

Geniet die lesse!

Drukkervriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.

Die lesse is op 'n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

T Nel

Absa Bank

9178127919

Tjek rekening

Les 103

שיעור 103

Kyk gerus na die opnames van die lesse om die konsepte in elke eenheid te verstaan. Die regte uitspraak en belangrike wenke word in die opnames gegee.

Geniet vandag se les! Ons kyk na sinne en nuwe woorde, wat ons in ons alledaagse gesprekke kan gebruik.

Kleur kodes:

In Hebreeus word voornaamwoorde, werkwoorde en byvoeglike naamwoorde in manlike en vroulike geslagte gekategoriseer. Ons sal die volgende kleurkodes gebruik om dit vir jou makliker te maak:

Blou vir manlike woorde of die manlike manier om iets te sê

Rooskleur vir vroulike woorde of 'n vroulike manier om iets te sê

Groen vir woorde wat vir manlik en vroulik gebruik word

Onthou asseblief:

Die werkwoord ‚wees‘ in al sy verskillende vorms en variasies word in Hebreeus nie in die teenwoordige tyd gebruik nie. As ek jou kan sien, is jy; as jy met my praat, weet ek, dat jy is ... As jy my dus iets in die teenwoordige tyd oor hom, haar, hulle, dit of ons vertel, neem ek aan dat hy, sy, hulle, dit of ons leef. Ons hoef nie die bestaan te bewys met woorde soos ‚is‘ nie.

Met dit in gedagte, wil ons vandag ‘n paar nuwe goed leer:

Wanneer ek myself wil woorstel, sê ek (*onthou om van regs na links te lees*):
(jou naam)

אָנִי טײַאָן

אָנִי is die Hebreeuse woord vir EK en word deur beide geslagte gebruik.

Ek (is) ‘n man. אָנִי אִישׁ

Ek (is) ‘n vrou. אָנִי אִשָּׁה

→ As jy wil sien hoe God in die Hebreeuse woord vir ‚man‘ en ‚vrou‘ verteenwoordig is, moet jy nie die opname les misloop nie!! Dit wys ons hoeveel skatte daar in hierdie unieke taal is.

Iemand klop aan die deur en jy wil graag weet wie dit is:


Wie (is) dit? מִי זֶה?

→ Die vraagteken en al die ander leestekens word almal in dieselfde rigting as in Afrikaans geskryf.

→ Skryf asb hierdie sinne in Hebreeus (oor jouself):

Ek is (jou naam).

Ek is ('n man/vrou).



Wanneer jy jouself voorgestel het en graag wil weet wie die persoon is met wie jy praat,

dan moet jy vra: *Wie (is) jy?*

In Hebreeus verskil die persoonlike voornamwoord 'jy' vir mans en vroue.

Wanneer jy met 'n man praat, vra jy 'Wie is jy?' sò:

מי אתה?

Wanneer jy met 'n vrou praat, word dieselfde vraag só gevra:

מי את?


Maniere is natuurlik ook in Hebreeus belangrik!

Nadat jy uitgevind het, wie jy sopas ontmoet het, sê jy:

נעים מאוד

wat 'baie aangenaam' beteken en die Hebreeuse manier is om 'Aangename kennis!' te sê. Hierdie frase kan vir mans en vroue gebruik word.

→ Skryf asb. 'Wie is jy?' in die regte vorm by elke prentjie...



→ Onthou jou maniere!

Aangename kennis! _____


Nog 'n lekker vraag wat mens oral in Israel kan gebruik, is:

Wat (is) dit? **מה זֶה?**

Die antwoord begin met die woordjie 'zê',

byvoorbeeld 'zê liemon' (Dit is 'n suurlemoen): **זֶה לִימון**

→ **Met die woorde wat jy in al die lesse tot dusvêr geleer het, vra asb by elke prentjie ,Wat is dit?' en skryf die antwoord in Hebrees neer.**



Woordeskat

Lees en skryf asb hierdie woorde. Die korrekte uitspraak kan in die opname gehoor word.

| Hebreeus | Plek om te oefen | Afrikaans |
|--------------|------------------|-------------------|
| כן | | Ja |
| לא | | Nee |
| בְּסֵדֶר | | Okay |
| עֵבְרִית | | Hebreeus |
| אִישׁ | | Man |
| אִשָּׁה | | Vrou |
| מִי? | | Wie? |
| זֶה | | dit |
| מָה? | | Wat? |
| אֲנִי | | ek |
| אַתָּה | | Jy (manlik) |
| אַתְּ | | Jy (vroulik) |
| נְעִים מְאֹד | | Aangename kennis! |
| נְעִים | | aangenaam |

| Hebreeus | | Afrikaans |
|----------|--|-----------|
| מָאוֹד | | baie |
| אָחִים | | broers |
| גַּם | | ook |

Bybelvers

Om die dieper geestelike betekenis van die Bybelvers te verstaan, kyk asb na die opname. Daar is soveel skatte wat ons in Hebreeus kann ontdek!

Psalm 133:1

| Afrikaans | Plek om te oefen | Hebreeus |
|---------------------|------------------|----------|
| Kyk | | הִנֵּה |
| wat (is) | | מָה |
| goed | | טוֹב |
| en wat (is) | | וּמָה |
| aangenaam | | נְעִים |
| Sit (rus) | | שָׁבַת |
| broers (en susters) | | אָחִים |
| ook | | גַּם |
| saam / in eenheid | | יָחַד |

Huiswerk:

Skryf hierdie Bybelvers asb in Hebreeus neer. Stuur ook asseblief vir Tiaan 'n stem nota waar julle hierdie vers lees of opsê.

Onthou asb om jou huiswerk en enige vrae wat jy het vir Tiaan aan te stuur!!